

# Vuk'uzenzele



Produced by Government Communications (GCIS)

English/Afrikaans

| Junie 2017 Uitgawe 2

## Industry to help revamp economy



To bring about fundamental change in our economy we need more real industrialists, people who own manufacturing businesses and are not just shareholders in someone else's company.

(Image: BSA)

Albert Pule

Government needs to promote greater patterns of economic inclusion to bring about fundamental change in the structure of our economy.

Speaking at the upgrade of the Babelegi Industrial Park, Minister of Trade and

**"Industrial parks could turn more entrepreneurs into industrialists, and create industrialists who are not just shareholders."**

Industry Dr Rob Davies said Babelegi should help in turning more entrepreneurs into industrialists and create industrialists who are not

just shareholders.

"We need to promote patterns of inclusion for the majority of our people in activities of the real econo-

my where people will become real industrialists and owners of manufacturing businesses, not just people who are shareholders in someone else's company or people who are trading shares in one or two ventures

"We need people who

● **Cont. page 2**

**OR Tambo to the National Consultative Conference in December 1990: "The idea of nonracialism has triumphed in the country."**

**Even the National Party has finally admitted this much, by opening its membership to blacks. This must spur us on to redouble our efforts in transforming our country into an oasis of democracy where a person's skin colour or sex will no longer be relevant in determining their station in life."**

(Source: www.sahistory.org.za)

Life and legacy of  
**OR TAMBO.**  
**100 YEARS**



ALSO AVAILABLE ON:

ANDROID APP ON  
Google play

Available on the iPhone  
App Store

@VukuzenzeleNews  
Vuk'uzenzele

Websites: www.gcis.gov.za  
www.vukuzenzele.gov.za  
E-mail: vukuzenzele@gcis.gov.za  
Tel: (+27) 12 473 0405

**Free Copy**

# Lewensomstandighede in SA verbeter

**Sulaiman Philip**

**M**eer Suid-Afrikaners geniet wortervoorsiening na hul huise, daar is minder emmertoiletstelsels en meer huise is aan die elektriese rooster verbind. Daar is meer kinders op skool en meer Suid-Afrikaners het toegang tot bekostigbare primêre gesondheidsorg.

'n Onlangs vrygestelde Stats SA-verslag, die 2016 Algemene Huishoudingopname, toon dat die lewe die afgelope paar jaar vir die meeste Suid-Afrikaners verbeter het. Ons is gesonder, met beter onderwysvlakke en daar is meer huishoudings wat teen die elemente beskerm word, te dankie aan regeringsbehuising.

Die veiligheidsnet van maatskaplike toelae het uitgebrei, met 17% meer Suid-Afrikaners wat toegang tot toelaes het. In 2003 het slegs 12.7 persent van alle kwalifiserende individue die een of ander vorm van staatshulp ontvang. Vandag ontvang 29.9 persent Suid-Afrikaners hulp om basiese uitgawes te dek. Die aantal Suid-Afrikaners wat vandag honger gaan slaap, is 13.4 persent van die bevolking, minder as die helfte van wat dit 'n dekade gelede was.

In 'n land waar werkloosheid en uiterste armoede steeds uitdagings bly, ontvang 44.8 persent van huishoudings hulp om kos op die tafel te sit en die ligte te laat brand. Volgens die verslag ontvang huishoudings van regoor die rassespektrum hulp van die regering. "Meer as een derde van swart Afrikane (32.9 persent) ontvang 'n maatskaplike toelae, vergeleke met 27.2 persent kleurlinge, 11.5 persent Indiërs / Asiërs en 6.2 persent van die wit bevolking."

## 'n Opgevoede en gesonde bevolking

Meer Suid-Afrikaanse kinders is in die skool en woon skole by wat beter toegerus en veiliger is. Die land moet egter nog meer doen om skoolverlaters te help om beroepskolleges by te woon in plaas daarvan om by die huis te sit. In 2016 was ongeveer 86.9 persent van Suid-Afrikaanse individue bo die ouderdom van vyf jaar wat opvoedkundige instellings bygewoon het op skool, terwyl 'n verdere 4.8 persent tersiêre instellings bygewoon het. Daarenteen het slegs 2.3 persent individue Tegniese en Beroepsonderwys-en-opleidingskolleges bygewoon.

Die land maak ook vooruitgang op die gebied van vroeë-

kinderonderwys. Ongeveer 41.3 persent van 0-4-jariges woon vroeëleerprogramme by dagsorgsentrus, crèches, speelgroepes, kleuterskole en pre-primêre skole by.

Na-matriekberoepsmonderwys en volwasse geletterdheid is geïdentifiseer as terreine wat nog intervensie benodig, veral in die meer landelike provinsies. Volwasse geletterdheidsyfers in die Noord-Kaap (89.8 persent), Noordwes (90.1 persent) en Limpopo (90.7 persent), was laer as die nasionale gemiddeld van 94.4 persent.

Regeringsverbeterings het die openbare gesondheidstelsel meer toeganklik gemaak en in groot mate ook veiliger as voorheen. In 2016 het 71.4 persent van alle huishoudings openbare klinieke en hospitale as hul eerste toegangspunt gebruik wanneer familielede siek geword het of beseer is.

## Vrolier, gelukkiger huishoudings

Die aantal Suid-Afrikaners wat in huise bly wat hulle besit, het van 5 persent in 2002 tot 13.5 persent in 2016 vermeerder te danke aan die HOP-program. En alhoewel daar nog steeds kommer is oor die gehalte van enkele van die huise, het meer landsburgers huise.

Meer huise is geëlektrifiseer



**Suid-Afrikaners is gesonder met beter onderwysvlakke, volgens 'n Stats SA-verslag.**

(Foto: GCIS)

of word deels van hernubare energie voorsien. Die aantal geëlektrifiseerde huishoudings het van 77 persent in 2002 tot 84.2 persent verlede jaar gestyg.

Daar was ook 'n toename in die aantal huise met pypwater. Slegs 3 persent huishoudings in die land moet nog water uit riviere, strome, stilstaande waterpoele en damme, putte en fonteine gaan haal.

In hierdie oopsig is landelike provinsies ook agter wat betrek die direkte voorsiening van

skoon pypwater aan huise. Volgens die bevindings "het die meeste huishoudings in die Wes-Kaap (94.3 persent) en Gauteng (90.7 persent) toegang tot voldoende sanitasie, terwyl ongeveer die helfte in Limpopo (57.1 persent) en 67.4 persent in Mpumalanga voldoende toegang het. Op nasionale vlak het die persentasie huishoudings sonder sanitasie, of met emmertoilette, tussen 2002 en 2016 van 12.3 persent tot 4.2 persent gedaal."

# Gemeenskappe vul weer biblioteekrakke


**Nonkululeko Mathebule**

**I**nwoners van Mogale City het 'n nuwe hoofstuk begin in hul strewe om 'n liefde vir lees te bevorder.

Die Wesrandse myndorp, wat ook as Krugersdorp bekend staan, word die leviete voorgelees deur die plaaslike wyksraadslid Trudie Naude. Sy is vasberade om te verseker dat plaaslike biblioteke oor 'n goeie voorraad boeke beskik en dat die leeskultuur volhoubaar moet wees.

"Mense het vir ons as dorpsleiers gesê dat hulle nou al so te sê al die boeke in hul biblioteke gelees het en dat die biblioteke nie veel nuwe boeke inkry nie."

"As 'n plaaslike wyks-



**Moedig 'n leeskultuur deur boekskenkings aan.**

raadslid het ek besluit om te help deur 'n versoek aan die dorp se inwoners te rig om boeke wat hulle nie meer benodig nie, te sken.

"Die reaksie was ongelooflik, om die minste te sê."

"Mense het letterlik van oral gekom om 'n boek of

twee te sken," sê Naude. Baie van die boeke is reeds op verskeie van die plaaslike biblioteke se rakke, terwyl ander nog geïndekseer moet word voordat hulle aan daardie biblioteke met die grootse boeketekort gestuur kan word.

Naude sê dat sy sedert die bekendstelling van die projek in April reeds meer as 10 000 boeke van alle genres ontvang het.

UniCollege se bemarkingsbestuurder, Natalie Franklin, sê dat die instelling die geleentheid aangegegryp het toe sy van die inisiatief te hore gekom het. Hulle beskou dit as 'n geleentheid om lewens deur onderwys te verander – 'n doelwit wat hulle as instelling voorop stel.

"Ons het ons leerders aangemoedig om by hierdie inisiatief betrokke te raak en aan hulle verduidelik dat daar talle mense is wat nie toegang tot slimfone het nie, wat nog te sê boeke, en dat daardie mense ook die geleentheid moet kry om te

lees en toegang tot inligting ook buite die skoolstelsel moet kan verkry.

"Ons werk in die onderwys en verstaan dus presies hoe belangrik goeie leesvaardighede is. Ons leerders se reaksie was ongelooflik. Ons het meer as 300 boeke ontvang, wat ons aan Trudie geskenk het."

"Die projek duur voort, en ons gaan nog meer boeke sken," sê Franklin.

**Diegene wat graag leesmateriaal wil skenk, kan Trudie Naude by 082 657 6211 skakel, of stuur vir haar 'n e-pos by Trudie.Naude@icloud.com**

# Onderwys slaag die toets

**NAVORSING TOON** dat die prestasie van Suid-Afrikaanse leerders aan die verbeter is, het die Minister van Basiese Onderwys, Angie Motshekga, tydens haar onlangse begrotingstoespraak gesê.

## Personeelverslaggewer

**B**asiese onderwys "is beslis 'n stelsel wat sterk op pad boontoe is", het die Minister van Basiese Onderwys, Angie Motshekga, die Parlement tydens haar onlangse begrotingsrede meegegee.

Die minister het uit die Nasionale Ontwikkelingsplan aangehaal, naamlik dat "teen 2030 behoort Suid-Afrikaners toegang tot onderwys en opleiding van die hoogste gehalte te hê, wat tot aansienlik verbeterde sal leeruitkomste lei". Minister Motshekga het gesê dat haar departement voorrang verleen aan maniere om die gehalte van leer en onderrig te verbeter.

Gehalteonderwys in die vroeë grade is van sleutelbelang om skoolkinders vir hul latere jare

toe te rus. "Ons kan met trots rapporteer dat die uitwerkings van die intervensies in die Grondslagfase nou begin om verbeterde leeruitkomste op te lewer."

## Die Klas van 2016 maak geskiedenis

Met verwysing na die Nasionale Senior Sertifikaat (NSC)-eksamen, het Minister Motshekga opgemerk dat "die Klas van 2016 die hoogste inskrywingsyfer van Graad 12-leerders in ons land se geskiedenis opgeteken het".

"Ons het NSC-slaagsyfers behaal wat konsekwent bo die 70 persent-drempe was," het sy gesê.

Sy het op drie navorsingsverslae gewys wat die opwaartse trajek van die land se basiese-onderwysstelsel bevestig:

- 'n UNESCO-verslag wat in 2015 gepubliseer is en wat aantoon dat, sedert die aanbreek van demokrasie in 1994, meer leerders tot Graad 12 in die skool bly. Navorsing wat deur die departement gedoen is, het ook bevind dat ongeveer 60 persent van alle jongmense in 2015 suksesvol 13 jaar se onderwys (insluitend Graad R);
- 'n Navorsingsverslag wat in 2016 deur dr Martin Gustafson gepubliseer is het aangedui dat ongeveer 34 000 leerders in Wiskunde 'n punt van 60 persent of meer in die 2016 NSC-eksamen behaal het, terwyl die syfer in Natuurwetenskappe vir 2016 aangetoon het



Leerders presteer beter in hoërskool as hulle in hul vroegste skooljare gehalteonderwys ontvang het.

(Foto: BSA)

dat 28 500 leerders 60% behaal het; en

- Navorsing wat deur die Departement van Onderwys gedoen is, het bevind dat universiteitsgereedheid teen 2015 meer regverdig versprei was.

"Verbeterings op hierdie

prestasievlek is belangrik, omdat dit beteken dat al hoe meer leerders daarin slaag om vir wiskunde-georiënteerde programme op universiteit te kwalifiseer, en dus toegerus word om kritiese vaardighedsleemtes in die ekonomie te kan vul."

# Gespesialiseerde skole sal sleutelvaardighede 'n hupstoot gee

**DIE GAUTENG ONDERWYSDEPARTEMENT** se nuwe spesialiseringsskool wat onlangs in Magaliesburg geopen is, is een van 27 hoërskole wat daarop gerig is om leerders se praktiese ervaring in sleutelvaardighede wat nodig is om die ekonomie te laat groei te verbeter.



Veeartsenewetenskap is een van die vakke wat by die Magaliesburg Spesialiseringsskool onderrig word.  
(Foto: Gauteng Onderwysdepartement).

## Nonkululeko Mathebula

**'n** Nuwe gespesialiseerde sekondêre skool in Magaliesburg sal praktiese opleiding en ervaring tot leerders se teoretiese

onderwys toevoeg en hul vaardighede verbeter – en daardeur ook hul kans om werk te vind.

Die Magaliesburg Spesialiseringsskool wat onlangs deur die Gauteng Onderwysdepartement bekendgestel is, sal

vakke op terreine soos agriverwerking, landbou, mynwese, toerisme en veeartsenydienste by sy kurrikulum insluit.

Die nuwe skool is ingestel in vennootskap met die Departement van Hoër Onderwys se Westcol Tegniese en Beroeps-onderwys-en-opleidingskollege en ander belanghebbers om te help om vaardigheidstekorte in die streek op te los.

## Ontwikkelingskorridors

Die woordvoerder van die Gauteng Onderwysdepartement, Oupa Bodibe, sê dat sy departement beplan om spesialiseringsskole in elkeen van die provinsie se vyf ontwikkelingskorridors te open. Die doel is om talent oor sletdissiplines te ontwikkel en die ekonomie 'n inspuiting van broodnodige vaardighede te gee.

"Ons het besluit om die handelsmerk en oriëntasie van die voormalige tegniese skole na spesialiseringsskole te

verander, waar teoretiese leer en praktiese leer met die een of ander vorm van werkservaring gekombineer word," sê Bodibe.

"Dit is deel van ons pogings om te verseker dat leerders teen die tyd wat hulle hoërskool verlaat, oor praktiese vaardighede in hul gekose terreine besik, wat aan hulle 'n voordeel in die arbeidsmark verleen.

"Hulle sal ook in 'n posisie wees om 'n sakeonderneming te open, verder te studeer en 'n stroom in 'n tegniese veld te volg," sê Bodibe. Minstens 27 spesialiseringsskole sal geopen word deur sommige van die bestaande skole te reoriënteer, het hy bygevoeg.

## Loopbaangeleenthede

Die skool is geleë in 'n streek wat deur boerdery en toerisme oorheers word, en sal dus Landbou en Gasvryheidsstudies as hoofvakke aanbied.

Die gespesialiseerde skool

is van 'n bestaande skool omgeskep deur beroeps- en praktiese kenmerke by te voeg. Dit spog met 'n vee-uitstalling, 'n gasvryheidssuitstalling, groentetuyn, blomme-uitstalling en 'n varkboerdery, asook 'n uitstalling van plaastoerusting.

Bodibe sê dat spesialisering volgende jaar formeel in die sillabusse vir Graad 10 tot 12 geïmplementeer sal word.

"Spesialiste in die landbou- en gasvryheidsektor sal motiveringspraatjies aanbied wat leerders aan verskillende loopbaangeleenthede en studies ná hul Graad 12-kwalifikasie sal blootstel," het hy gesê.

"Alhoewel slegs leerders in Graad 10 tot Graad 12 hieraan blootgestel sal word, sal diegene in Graad 8 en 9 blootstelling ontvang aan 'n verskeidenheid aktiwiteite wat aan die spesialisering verbind is, terwyl hul steeds hul huidige KABV-kurrikulum volg."